

VAN STAMVERWANTE BODEM

„Huisvuil van toen, studiemateriaal van nu” is die veelsêende titel van 'n bydrae van die hand van J. A. Banning, soos gepubliseer in „Ons Amsterdam” (jg. 23, no. 4, April 1971). Dit is verbasend wat, in die resente verlede, aangetref is in die Amsterdamse ondergrond wat tydens die grawe van diep fundamente vir gebou in die binnestad blootgelê is en word. Aan die Keizersgracht is fragmente van laat-middeleeuse onglasuurde rooi erdewerk, 'n kannetjie van 1630, 'n Sieburgkruik, sewentiende eeuse skoensole, glaswerk, muntstukke, knope en menigvuldige ander gebruikvoorwerpe gevind. In die tweede helfte van die sewentiende eeu is skoene met regte en spits neuse gedra en die leer het die spreekwoordelike tand van die tyd glansryk weerstaan.

In die Mei-uitgawe (1971) van dieselfde maandblad behandel H. van Zijl die sewentiende eeuse skepe, waaronder skepe wat op die roetes na Oos- en Wes-Indië gebruik is, soos „naer 't leven betekent en opt Cooper gebracht” deur Reinier Nooms (Zeeman). Nooms het 177 etse vervaardig en was een van die talentvolste uitbeelders van die sewentiende eeuse Nederlandse seewese. Hy het die meeste van sy tonele aan die bedrywigheid op die Amsterdamse Y ontleen.

„Omzien in verwondering”, met as ondertitel „Herinneringen van Annie Romein-Verschoor I” (p. 319) het by die Amsterdamse uitgewery „De Arbeiderspers” as nr. 17 van die Privé-Domein-reeks verskyn. Ek het hierdie biografie, wat in werklikheid 'n besonder goeie beeld van die Nederlandse kultuur en maatskaplike toestande en verhoudings van voor die Eerste Wêreldoorlog tot die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (Nederland: Mei 1940) gee, met buitengewone belangstelling gelees. Die skryfster is die weduwee van prof. Jan Romein, die bekende Nederlandse historikus wat ook in ons land bekendheid verwerf het. In mev. Romein se werk word o.m. aan die leser 'n aantal besonderhede aangaande die totstandkoming van „De Lage Landen bij de Zee” meegedeel, o.m. dat, as gevolg van die wens van die uitgewer, prof. dr. G. W. Kernkamp die voorwoord geskrywe het (p. 258 e.v.). Wat minder bekend is, is dat mev. Romein ongeveer vir die helfte van die inhoud van hierdie standaardwerk verantwoordelik is. Die eerste druk, bestaande uit 40 000 eksemplare, is spoedig uitverkoop en in 1940 het 'n tweede druk gevolg.

Boeiend is ook dié gedeeltes waarin ons kennis maak met die tydgenote van dr. Jan Romein soos die bekende Nederlandse kultuurhistorikus prof. dr. J. Huizinga, die skrywer van „De schaduwen van morgen” (1935), „Homo ludens” (1937) „Wetenschap der Geschiedenis”, „Herfsttij der Middeleeuwen” e.a. werke waarvan sommige wêreldbekendheid verwerf het. Sowel die skryfster as haar man het albei die lesings van hierdie bekende Leidse kultuurhistorikus gevolg en dit is interessant om mev. Romein se beskouings bv. met dié van dr. W. C. Schallenberg-van Huffel („Uren met Huizinga”, Baarn, s.j.) te vergelyk. Ook kan lesenwaardige besonderhede aangaande 'n verteenwoordiger van die toenmalige ouer garde van die vooraanstaande Nederlandse historici, prof. dr. P. J. Blok, in die herinnering van mev. Romein aangetref word. Haar beskrywing van die Nederlandse koloniale samelewing in die toenmalige Oos-Indië, waar sy 'n deel van haar jeug deurgebring het, is besonder waardevol. Dit geld ook vir die Nederlandse samelewing van voor, tydens en na die Eerste Wêreldoorlog soos sy dit geken het.

Wie meer wil weet oor die politieke oortuigings van die Romein-egpaar in dié jare kan gerus lees wat die skryfster daaromtrent meedeel. Nie alleen is hierdie werk boeiend geskrywe nie, maar dit is in velerlei opsig 'n fotobeeld van Nederland en de Nederlandse samelewing, die Nederlandse geskiedskrywing

en die hoofpersone in dié verband van voor 1940 en die veelvuldige vraagstukke waarmee die skrywers-geleerdes-huweliksdeelgenote geworstel het. Wie hierdie werk gelees het, weet dat die lewe van die skryfster en haar eggenoot ryk en die moeite werd was. Ons dank gaan dan ook uit na die talentvolle skryfster en met belangstelling word na die vervolg van haar herinneringe uitgesien.

Twee publikasies in brosjurevorm wat die aandag van studente en belangstellendes in die Nederlandse argeologie ten volle verdien, is nos. 1 en 2 in die reeks „Archeologische monumenten in Nederland”, uitgegee deur Unieboek N.V., posbus 17, Bussum, Nederland (1971) met medewerking van die „Rijksdienst voor het Oudheidkundig Bodemonderzoek”. R. S. Hulst verstrekk in sy „Garderen grafheuveld op Bergsham” (pp. 16) besonderhede oor die inhoud van ’n aantal grafheuwels, wat van 1500-1000 voor Christus dateer en in 1937 gedeeltelik deur prof. dr. A. E. van Giffen ondersoek is. Sedert 1968 word hierdie argeologiese monumente beskerm. Garderen lê in die omgewing van Appeldoorn, op die Veluwe.

In deel I vertel R. H. J. Klok oor die bekende wierde (Fries: Terp) te Biessum, naby Delfzijl, prov. Groningen, Nederland. Met „terp” of „wierde” word ’n woonheuvel bedoel wat, soos in die geval van die wierde by Biessum, vermoedelik kort voor die begin van ons jaartelling in gebruik geneem is in gebiede naby die see wat dikwels met oorstromings te kampe gekry het. Die skrywer deel besonderhede aangaande die hedendaagse en resente bebouing van die wierde van Biessum mee en verstrekk op pp. 12-13 ’n besonder oorsigtelike kaart van die woonheuvel met die aangrensende, laer liggende weiveld en akkerbougebied wat deur die boere op die woonheuvel gebruik is. Tot vandag toe is die bodem van hierdie argeologiese monument, een van die bes bewaarde van sy soort in Noord-Nederland, nog nie wetenskaplik ondersoek nie. Illustrasies vul, in albei gevalle, die tekste van hierdie twee insiggewende brosjures aan.

Dr. J. Ploeger.